

Pretoriana

MEIRENSKY BIBLIOTHEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
25 AUG 1959
Klasnummer 05(68)
Klasnummer P 1959/3



*Mondstuk van die Genootskap Oud-Pretoria
Verskyn in April, Augustus en Desember.*

— o —

*Organ of the Association Old Pretoria
Published in April, August and December.*

Prys : 2/- : Price.



MRS. H. GREENLEES.

This photograph was taken when she was 20 years old.

INHOUD — CONTENTS

- Dr. W. Punt: Heloise Greenlees — In Memoriam.
Bulldozing History.
Dr. H. Muller: Die Suid-Afrikaanse Museumwese.
Pretoria's Oldest House to be Demolished and Dumped on a Waste Lot!
Dr. G. W. Eybers: Verslag van 'n Onderhoud.
Byskrif by foto van dr. G. W. Eybers.
F. C. Calitz: Die Oudste Huis in die Omgewing van Pretoria.
Dr. S. Strydom: Hartebeespoort Nr. 308.
Mnre. B. Auret & A. Bester: Enkele Grepe uit die Geskiedenis van Silverton.
A Building almost as Old as Johannesburg.
Mnr. H. M. Rex: 'n Petisie in Sake „De Botanischen Tuin" (Burgerspark).
Mnr. J. P. (Oom Hansie) Kleynhans: Knoffel en Kanfer.
-
-

HELOISE GREENLEES


— IN MEMORIAM —

THE late Mrs. Heloise Greenlees who passed away on the 28th of November, 1958 was an enthusiastic and loyal member of the Association Old Pretoria. For many years she and her younger sister, Mrs. H. de Zwaan, attended every annual meeting of the Association and always took a keen and active interest in the history of Old Pretoria and the affairs of our Society.

Mrs. Greenlees was born in Pretoria on the 3rd of October, 1870, when our town was still in its teens. It was only a small village grouped round our well-known Church Square. Her father, Mr. Jacobus J. Meintjes was, according to Sir John Kotze in his "Biographical Memoirs and Reminiscences," "an outstanding figure, familiarly known as 'Oom Koos.' A shrewd, well-informed man of administrative ability, he had come to the Transvaal from Beaufort West in the early sixties. When in 1866 a registry of deeds and titles to land was established under a law passed by the Volksraad, he became the first Registrar of Deeds. He had a very difficult task to perform, and he carried it out with signal success."

He was a prominent and highly respected citizen who owned a house on the north-east corner of St. Andries and Pretorius Streets (where Amie's now is). Opposite, where the Sanlam Building now stands, was a small pan and her father's gentlemen friends could do some duck shooting from his stoep!

She grew up with Pretoria and shared the Capital's stirring history. During the siege of Pretoria in 1880-81 she lived in the Convent Redoubt



*MRS. H. DE ZWAAN & MRS. H. GREENLEES.
A photograph of the two sisters taken in 1956.*

and could tell us of many an interesting event of those days. She gave us valuable details concerning the early history of our city as at some time or other she had met or seen all the leading personalities of the Capital from M. W. Pretorius, T. F. Burgers, T. Shepstone to Paul Kruger and the Generals of the Anglo-Boer War.

When in 1955 we wished to portray a school group of 1875 for the Pageant Mrs. Greenlees was our informant. She and her sister, Mrs. De Zwaan could give us particulars and details concerning the school dress, teachers and educational system of those days from first hand. They had been, inter alia, pupils of the American schoolmistresses Clary and Ruggles but had also attended other schools in Pretoria.

At all times Mrs. Greenlees was willing to help in writing the history of Pretoria. Through her keenness and help much valuable historical data of our town has been saved for posterity. She also presented her very interesting correspondence of early Pretoria to the State Archives.

It was a real pleasure to listen to her talking about her contemporaries and social affairs in old Pretoria. She always placed them in a favourable light and had a good word for all her fellow citizens.

After the Anglo-Boer War Mrs. Greenlees took an active part in city affairs. She became a member of the Town Council and ultimately Deputy Mayor of Pretoria. But she also served on numerous other civic and charitable bodies and gave all of them her unstinted support.

Van haar kan ons verder getuig dat 'n dame heengegaan het wat haar geboortestad, sy inwoners en natuur lief gehad het. Ons Genootskap is baie trots daarop dat mev. Greenlees vir tien jaar een van ons vooraanstaande lede was. Haar vriendelikheid en beleefdheid teenoor ons almal wat sy oor ons stadsgeskiedenis te woord gestaan het, word nog deur elkeen van ons waardeer.

Ons sal mev. Heloise Greenlees altoos in dankbare herinnering hou as 'n dame vir wie ons die hoogste agting gekoester het en wat 'n getroue ondersteuner van die Genootskap Oud-Pretoria was. In haar het ons Genootskap 'n getroue vriendin verloor wie se plek moeilik gevul sal word.

Ten slotte haal ons 'n paar passende reëls aan uit die gedig „An Old Pretorian” van haar tydgenoot Albert Brodrick: —

„His eyes beheld our little Town.
When first it raised its dainty head
Above the earth — now mighty grown,
And daily growing mightier — fed
By human streams from every clime.”

Mag sy in vrede rus.

— W. PUNT.

Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria.

DONATION:

£2-2-0: In Memoriam Heloise Greenlees. From: Griet & Dien.

BULLDOZING HISTORY

PROGRESS is “bulldozing down” many of South Africa’s historic buildings with a callous disregard of their value to posterity, according to Dr. W. Punt, Chairman of our Association and Acting Director of the Simon van der Stel Foundation in an interview with the Rand Daily Mail on the 21st of May.

He said that in Pretoria, for instance, only one building, the house of President Kruger in Church Street West, had been declared an historical monument.

With the tremendous expansion of Pretoria in the past ten years, many interesting old buildings had been knocked down to make way for commercial structures.

Dr. Punt said that the Old Government Building on Church Square had not yet been declared an historical monument, but was under the protection of the National Monuments Commission.

The “Staatsmodelskool” in Van der Walt Street where Sir Winston Churchill was held prisoner during the South African War and from where he escaped, had been recommended as a historical monument, and would probably be declared one soon.

Dr. Punt said that it was not the intention of the Foundation to make museums out of old buildings.

“We do not want dead buildings. We will restore them and they will be lived or worked in.

“Many buildings now being demolished would have a strong architectural and historical interest in another 100 years. And we must look as far ahead as that in so young a country as South Africa.”

Among the Pretoria buildings worthy of preserving were Melrose House, where the Treaty of Vereeniging was signed; Parkzicht, a large house nearby where the Republican generals, who signed the treaty, boarded; Fountain Lodge, the oldest house in Pretoria, at the corner of Skinner and Paul Kruger Streets, which was built in the late sixties and the home of Commandant-General Piet Joubert in Visagie Street next to the “Voortrekker Gedenksaal”.

MENLO PARK APTEEK: APTEKERS EN DROGISTE; KONTRAKTEURS VIR ALLE KOOPVERENIGINGS, LYNNWOODWEG 279 A, MENLO PARK.

Tydens die bespreking in die Volksraad van die begrotingspos ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP het dr. Helgard Muller, ons geagte Oud-Burgemeester en tans L.V. vir Pretoria-Oos, ons Genootskap se naam vir die eerste keer in die Volksraad laat weerklink en ook as 'n waardige kampvegter vir die totstandkoming van die Opelugmuseum opgetree, toe hy gepraat het oor

Die Suid- Afrikaanse Museumwese.



Dr. H. MULLER, L.V.

*Hierdie foto is geneem toe hy Burge-
meester van Pretoria was.*

„**E**K wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om iets te sê oor die Suid-Afrikaanse Museumwese, veral wat die geskiedkundige museums aanbetref. Ek wil ook probeer om die Minister van Onderwys te interesseer in 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum in Pretoria.

„In die afgelope paar jaar was daar 'n toenemende belangstelling in die bewaring van die erfenisse van die verlede. Daar is bv. verskeie kere vertoë gerig tot die voorgangers van die agb. Minister i.v.m. geskiedkundige museums. Daar is o.m. in hierdie vertoë geklae omdat die geskiedkundige afdelings van ons museums in die reël verwaarloos is. In die verlede was dit gebruikelik om museums te stig wat natuurwetenskaplik sowel as kultuurhistories van aard was. Maar met verloop van tyd en veral in die jongste jare, en namate die navorsing vordering gemaak het, het die neiging

ontstaan om die natuurwetenskaplike en geskiedkundige rigtings van mekaar te skei in afsonderlike inrigtings. Die eerste keer dat die aandag op die verwaarloos van die kultuurhistoriese aspek in ons museumwese gevestig is, was toe daar saam met die verslag van die S.A. Museum-kommissie in 1950 'n minderheidsverslag ingedien is deur die voormalige Ondersekretaris van Onderwys, dr. Eybers. In hierdie minderheidsverslag het dr. Eybers daarop gewys dat die historiese afdelings van die groot Suid-Afrikaanse museums almal betreklik klein en onversorg was. Gelukkig het die posisie sedertdien heelwat verbeter, en die Regering het reeds blyke gegee dat hy ten gunste is van die beginsel van skeiding van ons museums in natuurwetenskaplike en kultuurhistoriese afdelings.

„In die geval van Pretoria is daar reeds 'n tyd gelede 'n baie bekwame kultuurhistoriese deskundige op die personeel van die Transvaalse Museum aangestel en daar word baie waardevolle werk deur haar gedoen. Die onlangse verwickeling i.v.m. die Hooggereshofgebou in Kaapstad is ook 'n prysenswaardige stap in die regte rigting en dit sal ongetwyfeld lei tot die ontwikkeling van 'n waardevolle kultuurhistoriese museum in die moederstad hier in die Suide.

„Die Staat se optrede i.v.m. Pretoria en Kaapstad, asook die onlangse totstandkoming van die Stigting Simon van der Stel deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, sal beslis by die algemene publiek belangstelling en vertroue opwek, en hulle aanspoor om vryelik bydraes tot ons kultuurhistoriese museums te maak. Ons wil dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns geluk te wens met die Stigting Simon van der Stel wat onlangs in Kaapstad so goed geloods is.

„Nou het daar egter 'n verdere belangrike verwickeling plaasgevind waarby ek graag die agb. Minister se aandag wil bepaal. Dit is iets wat in Pretoria gebeur het. Nou weet ek nie of ons in Pretoria miskien meer kultuurhistoriese bewus is as die mense hier in die Suide nie. Daar is miskien agb. lede wat sal dink dat dit nie so is nie, maar hoe dit ookal sy, daar is reeds heelwat voorbereidingswerk in Pretoria gedoen i.v.m. 'n kultuurhistoriese opelugmuseum. Die Stadsraad van Pretoria het 'n paar jaar gelede 'n groot stuk grond in die Fonteinedal vir 'n opelugmuseum geskenk. Die waarde van daardie grond word op 'n hele paar honderdduisend pond geskat. Die inisiatief het uitgegaan van 'n vereniging met die naam Genootskap Oud-Pretoria. Lede van hierdie Genootskap het museums dwarsdeur die wêreld besoek. Hulle het bv. inrigtings soos Henry Ford se Museum by Dearborn besoek en ook museums soos dié by Oslo, Stockholm, Kopenhagen en die uitgebreide opelugmuseum by Arnhem in Nederland. Een van die persone wat daardie museums besoek het, is die Stadsklerk van Pretoria.

„By hierdie inrigtings is historiese versamelings nie in een groot gebou gehuisves nie maar in afsonderlike klein geboue, en daardie geboue is gewoonlik replikas van een of ander geskiedkundige gebou, of so nie is dit

'n voorstelling van een of ander besondere boustyl uit die verlede. Een van die voordele van so'n inrigting is dat die kapitaaluitgawes daaraan verbonde, oor 'n groot aantal jare versprei kan word namate die verskillende klein eenhede opgerig word. Die oprigting van sulke eenhede sal moontlik deur vrywillige organisasies in Suid-Afrika onderneem word en daar is reeds aanbiedinge in hierdie verband aan die Genootskap Oud-Pretoria gemaak.

„'n Inrigting van hierdie aard sal bv. insluit iets soos 'n Boesmangrot of 'n Pondokraal of 'n Voortrekker-hartbeeshuisie of die oudste huis in Pretoria, wat na daardie terrein oorgebring en daar opgerig kan word. Ek wil egter nie op al die besonderhede ingaan nie. Wat ek wel wil beklemtoon is dat die Transvaalse Museum die beginsel van 'n opelugmuseum in Pretoria ondersteun, en ook die S.A. Museumvereniging, soos blyk uit 'n eenparige besluit wat hulle reeds in 1957 in hierdie verband geneem het. Dan het die Historiese Vereniging van S.A. hulle ook ten gunste van die beginsel uitgespreek. Die houding van al hierdie belangrike liggame kan nie maklik verontagsaam word nie, en dit sal ongetwyfeld die moeite werd wees dat die saak deeglik ondersoek word deur die Departement. Dit sou verkeerd wees om te verwag dat die museumwese oorbeklemtoon moet word tot so'n mate dat die onderwys daaronder ly. Die onderwys as sodanig moet noodwendig altyd voorkeur kry en 'n mens besef dat die ontwikkeling van museums geleidelik moet plaasvind, maar terselfdertyd moet dit nie verwaarloos word nie omdat die kulturele waarde daarvan geweldig groot is. Daarom wil ek 'n ernstige pleidooi lewer dat die agb. Minister die hele aangeleentheid van 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum in Pretoria en die moontlike inskakeling daarvan by die bestaande inrigtings deur sy Departement moet laat ondersoek.”


— DR. H. MULLER.

PRETORIA'S OLDEST HOUSE TO BE DEMOLISHED AND DUMPED ON A WASTE LOT!

PRETORIA'S oldest house — on the corner of Skinner and Paul Kruger Streets — may soon be demolished and dumped on a waste lot unless the Association Old Pretoria or some other organisation interested in preserving the old home can move the house to the Open-air Museum at Fountains.

In an interview with the *Pretoria News* on the 27th of June the owner of the property on which the old house is standing said that the property was up for sale. The party who bought the ground could do what they pleased with the house.

„For all I care,” said the owner, “they can tear the place down and



The house of Bras Pereira on the corner of Skinner and Paul Kruger Street, most probably the oldest house in Pretoria.

dump it in the veld. Some years ago I promised the house to an organisation interested in saving the building but apparently they have lost their initial interest because I have heard nothing for a long time now."

The house, reputed to be the oldest in Pretoria, belonged originally to a well-known hunter, trader and general merchant, Bras Piedade de Perreira who lived in the house in the sixties and seventies. On the one wall of the house can be seen an old street sign which recalls the days when Paul Kruger Street was still called Market Street.

The Master Builders' Association of Pretoria have offered to move the house brick by brick to Fountains when the Association Old Pretoria call upon them to do so. One of the interesting features of the house is the thatched roof, tied with riempies still under the present iron roof.

The Association Old Pretoria are interested in moving the house to the Fountains Open-air Museum but are waiting to see if the Government will give them financial aid to fence in the museum. They estimate the cost of fencing in the 30 morgen to be in the region of £5,500. The fence will be of the hang-over type to prevent people from crawling over.

**VAN SCHAIK BOEKHANDEL (EDMS.) BPK.: BOEKHANDELAARS
EN UITGEWERS, LIBRI-GEBOU, KERKSTRAAT 268.
PRETORIA.**

Verslag van 'n Onderhoud

tussen Sy Edele Minister Serfontein (met mnr. Op 't Hof)
en die Gesamentlike Komitee van die Transvaalse Museum
en die Opelugmuseum van Suid-Afrika te Pretoria, op
19 November 1958.

DIE doel van die onderhoud was om die Minister in te lig aangaande die samewerkskema wat daar uit die samesprekings van die vorige maande tussen die Transvaal-Museum en die Opelugmuseum ontwikkel het. Dr. Punt was ongelukkig verhinder om aan die onderhoud deel te neem.

Die samewerkskema bestaan daarin dat beide inrigtings hul eie planne tot ontwikkeling van die historiese museumwese in Pretoria het en dat beide sekere uiters waardevolle bates het, maar dat iedereen die hulp van die ander nodig het ter bereiking van die gemeenskaplike doel van 'n groot Geskiedenismuseum te Pretoria.

Die Transvaal-Museum het waardevolle historiese versamelings; het o.a. 'n gebou in Paul Krugerstraat wat vergroot moet word; en het veel ondervinding opgedoen met historiese museumwerk. Vir die vergroting van hulle gebou het hulle reeds vir 30 jaar of meer grootse planne. Hulle wil hul vermelde gebou uitbrei en o.a. twee groot vleuels met verskeie verdiepings daarby aanbou. Een rede waarom die gebou moet vergroot word, is vir die huisvesting en uitstalling van hulle belangrike historiese materiaal wat tans in hul beperkte ruimte in Boomstraat en in Paul Krugerhuis nie heeltemal tot sy reg kan kom nie. Vir die vergroting van hul gebou is daar, na verstaan word, 'n bedrag van ongeveer £500,000 deur die Departement Publieke Werke min of meer toegesê of vir die nabye toekoms — sê maar in 'n jaar of twee, soos ons verstaan — in hul uitbreidingsplanne opgeneem.

Met die oog op die volledige versorging en uitstalling van hulle historiese materiaal het die Transvaal-Museum by herhaling besluit dat daardie materiaal 'n eie afsonderlike inrigting moet hê, onafhanklik van die natuurhistoriese materiaal wat nog altoos die meeste aandag ontvang het, net soos in al die ander Suid-Afrikaanse museums wat sowel historiese as natuurhistoriese afdelings het. Presies dieselfde verskynsel word in die reël in sulke tweeslagtige museums ook in die buiteland aangetref. In ons Suid-Afrikaanse museums het die historiese afdelings 'n baie ernstige agterstand om in te haal. Daardie afdeling het verreweg die meeste vordering in Pretoria beleef van al die sentra. Die Transvaal-Museum is nie bereid om die agterstand van sy historiese afdeling sonder meer te laat voortduur nie.

Van sy kant het die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum te Pretoria ook

belangrike bates: Van die lede van sy Beheerraad wat die saak in die buiteland, asook in Suid-Afrika, ondersoek het, het tot die duidelike slotsom geraak dat dit veel beter is om 'n historiese museum as 'n opelugmuseum met 'n hele reeks minder massiewe geboue te laat ontwikkel dan om dit in een groot gebou met baie verdiepings, groot sale en talryke glaskaste te hê. Verskei sulke opelugmuseums is deur hulle lede oorse besoek en in studie geneem. Hierdie rigting, wat die voorkeur gee aan opelugmuseums, skyn dan ook bepaald die hedendaagse rigting in die buiteland te wees, en dit het beslis meer sukses as die outydse historiese museums.

Afgesien van sy opgedane kennis en ervaring op hierdie besondere gebied het die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum te Pretoria 'n geskikte en baie waardevolle stuk grond wat deur die Stadsraad van Pretoria aan hom toegesê is. Die waarde daarvan word op ongeveer £250,000 gestel. Dit maak 'n deel uit van die bekende en bekoorlike Fonteinedal te Pretoria. By hierdie bates kan miskien ook vermeld word die groot geesdrif van die Opelugmuseum wat voortspruit, enersyds, uit sy oortuiging dat hy met sy beleid op die regte weg is, en andersyds uit sy sterk begeerte om vir Suid-Afrika 'n inrigting daar te stel na die patroon van die uiters gewilde en wêreldberoemde opelugmuseums in Europa en Amerika.

Die twee Museums te Pretoria het dan tot die besef gekom dat hulle mekaar nodig het. Hulle het verskeie samesprekings gehou en 'n gesamentlike Komitee benoem om hul planne te formuleer en aan die Departement en die Minister voor te lê. Daardie planne het, breed genome, daarop neergekom dat daar gesamentlik opgetree sal word, met goedkeuring van Stadsraad, Departement en Regering, om die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum te Pretoria as 'n gesamentlike enkele inrigting op te bou. Daarvoor sal die aangewese terrein in die Fonteinedal gebruik word en daartoe sal 'n deel — klein, maar genoegsaam om 'n ordentlike begin te maak — van die aangewese £500,000 aangewend word. Daar sal 'n gesamentlike Beheerraad deur die Minister op aanbeveling van die Transvaal-Museum en die huidige Suid-Afrikaanse Opelugmuseum te Pretoria in die lewe geroep word; die nuwe inrigting sal die gewone karakter van 'n Opelugmuseum dra; en die historiese materiaal van die Transvaal-Museum sal gaandeweg daar sy tuiste vind.

Die onderhoud met die Minister was vir die Gesamentlike Komitee voorlopig 'n groot teleurstelling. Nadat die Voorsitter van die Komitee die voorgename gesamentlike stigting uiteengesit en die gesamentlike eenparige aanbevelings tot samesmelting van die twee Inrigtings voorgelê het, het die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap die mening uitgespreek dat die Departement Publieke Werke nie te vinde sou wees vir die aanwending van 'n deel van die voorgename bedrag van £500,000 vir die nuwe stigting nie. Een lid van die deputasie het versoek dat met die oog op die Sekretaris se mening die Komitee deur bemiddeling van die

Onderwys-departement in verbinding met Publieke Werke gestel sou word ten einde die hele skema aan hulle te verduidelik en uit te vind in hoever hulle bereid sou wees om 'n deel van die geld, wat tog vir 'n groot deel vir die historiese museumwese in Pretoria benodig en aangevra was, vir hierdie gewysigde historiese museum te laat gebruik. Met die inligting wat Publieke Werke dan sou verstrek kon die Gesamentlike Komitee iets later na die Minister terugkom met meer konkrete voorstelle en met inagneming van wat Publieke Werke mog goedvind. Die lid het die mening uitgespreek dat die rangskikking van die geboue vir die bewaring en uitstalling van vertoonstukke en studiemateriaal 'n saak was waarvoor Publike Werke die leiding van die museum-mense sou aanvaar eweas hulle by die bou van 'n fort in oorlogstyd aan die eise van die krygskuns sou moet voldoen en dus die voorskrifte van die Departement Verdediging sou volg. Hy het gemeen dat dit ondenkbaar was dat Publieke Werke sou wil weier om die leiding en die eenparige aanbevelings van die twee Museums te aanvaar by die aanwending van die fondse wat die Regering vir hulle doel sou bewillig. 'n Samespreking met Publieke Werke sou die Komitee in elk geval in staat stel om binnekort meer bepaalde voorstelle aan die Minister voor te lê, en dit sou die saak kan bespoedig.

Die Minister was waarskynlik van gedagte dat daardie lid te vinnig wou vorder, en hy het maar heel kort tevore die leisels van die Onderwysdepartement oorgeneem. Hy moes tyd hê om hom met die onderwerp behoorlik vertrouwd te maak en dus versoek hy die Komitee om in 'n memorandum die onderwerp soos voorgedra vir hom skriftelik saam te vat. Namens die Komitee is hierop meegedeel dat daar reeds 'n memorandum vir die Minister se voorganger ingehandig was, en dat die besluite van die Historiese Genootskap van Su'd-Afrika oor die noodsaaklikheid om selfstandige historiese museums te hê, afgeskei van die natuurhistoriese museums, waarvan hulle gewoonlik onder-afdelings uitmaak, mede onder die aandag van mnr. De Wet Nel gebring was. Voorts is die Hoofstuk oor Historiese Museums vervat in die Museumskommissie se Verslag ook onder die vorige Minister se aandag gebring.

Die Minister het hierop geantwoord dat hy maar kort tevore die portefeulje Onderwys oorgeneem het en nog nie die geleentheid gehad het om die genoemde stukke deur te gaan nie. Hy sou tog graag 'n memorandum van die Komitee ontvang.

Verstaan word dat daardie memorandum deur die Direkteur van die Transvaal-Museum op versoek van die Voorsitter van ons Komitee opgestel en ingehandig is; en sover het die saak tot op datum gevorder.

Dit sal 'n uitnemende bate vir die land wees as die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum werklik tot stand kan kom. Dit is dus duidelik dat die saak ons nougesette en volgehoue aandag eis.

G. W. EYBERS,

*Lid van die Gesamentlike Komitee
namens die Opelugmuseum.*

PRETORIA.
25 Januarie 1959.



Dr. G. W. Eybers, waarnemende Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria.

Byskrif by foto van dr. G. W. Eybers

DR. G. W. EYBERS wat vanaf 1954 op die Bestuur van die Genootskap Oud-Pretoria dien, aanvanklik as gewone lid en mettertyd as Ondervoorsitter, ageer tans as Voorsitter in die plek van dr. Punt.

George von Welfling Eybers wat op 25 September 1888 op Beaufort-Wes gebore is, het sy universitêre opleiding aan die Universiteite van Stellenbosch, Amsterdam en Londen ontvang. Hy was 20 jaar onderwyser en volgens die getuienis van een van sy leerlinge, mnr. Jurie Smith, tans gesondheidsinspekteur in die Vrystaat, het hy oor 'n besondere gawe beskik om by sy leerlinge 'n belangstelling en blywende liefde vir die geskiedenis op te wek. Nadat hy vir 'n tydlang skoolinspekteur was, het dr. Eybers eers Professionele Assistent en later Ondersekretaris van die Unie-Onderwysdepartement geword.

Dr. Eybers is die skrywer van:— „Select Constitutional Documents Illustrating S.A. History, 1795-1810”, „Bepalingen en Instructiën voor het Bestuur van de Buitendistricten van De Kaap De Goede Hoop (1805)”, „Mont-Aux-Sources en Ander Sketse”, „Outydse Sketse”, „Op die Voetspoor van Ou Reisigers”, „Die Lotgevallen van Dominik”, sowel as van 'n aantal inleidings tot opvoedkundige boeke. Vir die lesers van „Pretoriana” is dr. Eybers ook geen onbekende nie aangesien hy alreeds verskillende bydraes vir ons blad gelewer het. Hy het veral 'n aktiewe en lewendige belangstelling in ons museumwese en het as lid van die S.A. Museumkommissie in 1950 'n belangrike minderheidsverslag ingedien. Tans beywer hy hom veral vir die oprigting van 'n opelugmuseum in Pretoria. (Red.)

Hierdie artikel was die tweede aflewering in 'n reeks artikels waarin „Die Vaderland” die aandag vestig op ou geboue en plekke wat volgens die Stigting Simon van der Stel om hulle geskiedkundige of argitektoniese belangrikheid vir die nageslag bewaar behoort te word. Die Stigting is in die lewe geroep met die doel om ou geskiedkundige geboue te koop, te herstel en vir die nageslag te bewaar. Die Stigting het egter fondse nodig om sy loflike doelstellings uit te voer. Die huis by Silverton behoort aangekoop en bewaar te word en die Stadsraad van Silverton beywer hulle alreeds vir 'n geruime tyd in hierdie rigting.

DIE OUDSTE HUIS IN DIE OMGEWING VAN PRETORIA

NET soos „Kroonhoop” uit die allervroegste jare van Kaapstad dateer (vgl. Die Vaderland, 13/6/1959), so is hier in die buitewyke van Pretoria ook 'n huisie wat dagteken uit die eerste vyf jaar van die vestiging van blankes in die omgewing van Pretoria.

Dit is die eenvoudige grasdak Voortrekkerhuisie wie se witgepleisterde kleimure indrukwekkend vertoon teen die groen van die lowerryke wilgers op die walle van die Rademeyersrivier of Mundtspruit aan die oostekant van Silverton.

Die eerste opstalle in Pretoria was die van J. G. S. Bronkhorst op die Plaas Elandspoort, en dié van sy broer, Lucas Cornelis Bronkhorst, op die plaas Groenkloof. Die opstal van Gert Bronkhorst het heeltemal verdwyn terwyl nog net die fundamente van sy broer Lucas se opstal in die Fonteine sigbaar is.

Daar is egter nog een Voortrekkerhuisie in die omgewing van Pretoria oor en dit is die pragtige Voortrekker- ook genoem hartbeeshuisie by Silverton, sewe myl ten ooste van Kerkplein, wat nog in 'n goeie toestand verkeer. Hierdie interessante huis staan op die terrein van die eerste eenaar van die plaas waarop veel later die dorp Silverton uitgelê is, die Voortrekker Dawid Alwyn Botha.

Sy plaas Hartebeespoort 308 het hy op 1 Maart 1858 teen 10/- van die Zuid-Afrikaansche Republiek gekoop. Agtien jaar later is die plaas teen £2,500 verkoop aan 'n Duitser, Hans Heinrich Mundt, 'n bekende transportryer en poskontraktant van daardie dae, wie se skoondogter, die 84-jarige mev. J. L. Mundt, die huidige eienares van die bewaargeblewe Voortrekkerhuis is. Na die Tweede Vryheidsoorlog het sy 'n ruk lank daarin gewoon. Die dorp Silverton — waar silwer eens gedelf is — is op 'n gedeelte van die plaas aangelê.

Die presiese datum waarop hierdie huisie opgerig is, is egter nog nie vasgestel nie, maar aan die boustyl te oordeel, is hierdie 'n besondere mooi vorm van argitektuur wat daarop dui dat dit 'n besondere ou gebou moet wees, want dit stem in vele opsigte in voorkoms en struktuur ooreen met die alleroudste huisies op Stellenbosch.

Na aanleiding hiervan en uit gesprekke met mev. Mundt is die algemene mening dat hierdie huis na berekening om en by 120 jaar oud is. Dit is, sover bekend, die mooiste voorbeeld van woningboukuns uit die baanbrekerstydperk van Pretoria en distrik. Soortgelyke geboue word in Europa en Amerika sorgvuldig bewaar.

Die Amerikaanse „log cabin” het wêreldberoemd geword. Net so meen die Stigting Simon van der Stel dat die geboue van ons Voortrekkers en baanbrekers van die noordelike dele van ons land vir die nageslag bewaar moet bly. Die Stigting beoog dat sulke huisies herstel en bewaar moet bly vir die volk maar dat hulle terselfdertyd nog as woning of werkplek gebruik moet word.

Die driffie net by die huis voor die ingang na Silverton het in die ou dae bekend gestaan as Mundt-se-drif (Mondseloop) en die inwoners van die hele omgewing van ou Pretoria het „Aaprivier” as adres opgegee. 'n Paar jaar later het die aanwas van die bevolking dit regverdig dat die inwoners kon praat van die „Kerkplaas Elandspoort” en vanaf 1855 van „Pretoria.”

Hierdie Voortrekkerhuisie by Silverton is opgerig in die dae toe die ganse distrik nog gewemel het van die wild. Al die verskillende boksoorte was nog volop soos blyk uit die plaasnaam Hartebeespoort en die aangrensende plase Koedoespoort, Elandspoort, Tiegerpoort en Leeuwfontein. Leeus was nog volop en in hierdie mooi ou huisie is dikwels die gebrul van leeus gehoor.

Wat veral die aandag trek van hierdie Voortrekkerhuisie is sy kapstyl en dik kleimure. Ook het die vensters nog enkele luike. Die boustyl van veral die binnekantste kamers is uniek.

— F. C. CALITZ.

Naskrif: Nadat Die Vaderland gedurende Junie d.m.v. hierdie artikel spesiaal die soeklig op die oudste huis in die omgewing van Pretoria laat val het met die oproep dat dit vir die nageslag bewaar moet word, het dit intussen bekend geword dat die geskiedkundige ou gebou beslis deur die Stadsraad van Silverton aangekoop sal word.

Die stadsraad het alreeds by die Administrateur aansoek gedoen om toestemming om die huisie benewens sowat 2½ morg grond aan te koop. Die stadsraad is voornemens om die huisie in 'n museum om te skep. Die omliggende grond, wat aan Moreletaspruit (Radmeyersrivier) grens, is uiters geskik vir 'n aantreklike park en sal vir dié doel benut word.

Die huisie is deur die eienares, mev. J. F. Mundt, aan die stadsraad geskenk. Die omliggende grond is teen £5,000 beskikbaar. Daar staan ook 'n huis wat waarskynlik sal dien as woning vir 'n opsigter. Mev. Mundt se vader, mnr. H. Mundt, het die huisie en die grond in 1875 gekoop. Destyds al was die wilgers wat nou nog te sien is, reeds uitgegroeide bome. Na skatting is die huisie sowat 120 jaar oud. Die mure is van rooigrond gebou en die huisie het vyf vertrekke.

Plek- en Plaasname in die omgewing van Pretoria.

HARTEBEESSPOORT Nr. 308

HIERDIE oorspronklike Eiendomsplaas is in Maart 1858 geregistreer vir David Alwyn Botha. Later is dié gedeelte waarop die dorp Silverton aangelê is, verkoop aan H. H. Mundt.

Hierdie plaas is belangrik omdat die twee bergreekse wat die Mootvallei vorm hier aansienlik laer word en wyd uitmekaar sprei. Die suidelike reeks breek by Mundtsrant en swaai skerp weg in 'n suid-oostelike rigting. Die Magaliesbergreeks strek nog verder in 'n oostelike rigting om eers by Franspoort suid-oois te swaai. Tussen die twee reekse strek hier 'n nye vlakke wat nie meer as die Moot bekend staan nie. Op die plaas Harte-

beespoort Nr. 308 eindig dus die Groot Moot wat in die Hekpoortse omgewing begin.

Die Plaasnaam:

Tussen die Silvertonrant en Mundtsrant is daar 'n poort waardeur die Rademeyersrivier vloei. Hierdie poort was vroeër jare bekend as die Hartebeespoort. Die twee plase besuide en benoorde hierdie poort is albei na die poort genoem. Noord van die poort lê Hartebeespoort Nr. 308 en suid daarvan lê Hartebeespoort Nr. 304.

Die Plekname :

1.—*Die Hartebeespoort:*

In die omgewing van hierdie poort tussen Silvertonrant en die Mundtsrant, het daar in vroeër jare baie hartbeeste gehou en daarom is dit so genoem.

2.—*Mundtsbrug:*

Hierdie brug oor Mundtspruit of Rademeyersrivier is na H. H. Mundt, wat daar naby gewoon het, genoem.

3.—*Mundtsrant:*

Hierdie rant is so genoem na H. H. Mundt wat daardie gedeelte van Hartebeespoort vroeër besit het.

4.—*Rademeyersrivier of Mundtspruit:*

Die riviertjie het vir 'n groot deel oor grond gevloei wat aan die Rademeyers behoort het. Die bekendste van hulle was Petrus Stephanus Rademeyer wat hom in 1852 op die plaas Garsfontein gevestig het. Hierdie plaas grens aan twee van die plase waarop Pretoria aangelê is.

Die naam Mundtspruit word verklaar uit die feit dat mnr. H. H. Mundt aan die spruit gewoon het.

Laer af, op Derdepoort, is die spruit bekend as Moreleta- of Maraba-spruit.

5.—*Silverton:*

Hierdie dorp is as 't ware 'n simbool van verydelde hoop. In die vroeër jare het dit in die Z.A. Republiek aan prospekteerders nie ontbreek nie. Daar was kort-kort gerugte van vondste van goud, silwer en edelgesteentes. Ook in die Pretoriase distrik is daar silwer ontdek naby Daspoort en vlak by die huidige Silverton. Die Daspoortse silwer het op byna onverklaarbare wyse verdwyn. 'n Ander myn waarop die hoop gevestig was, was die Bonanza. Dit was egter gou uitgewerk. Belanghebbendes het die geld wat hulle vir die ontginning van silwer naby die huidige Silverton gehad het, aangewend deur 'n gedeelte van die plaas aldaar aan te koop en dit as 'n dorp met die naam Silverton uit te lê.

6.*Silvertonrant:*

Die dorp Silverton is aan die voet van hierdie rantjie uitgelê en so is die rant na die dorp genoem.

— DR. S. STRYDOM.

ENKELE GREPE UIT DIE GESKIEDENIS VAN SILVERTON

SILVERTON het sy naam te danke aan 'n silwermyntjie wat in die ou dae aan sy oostelike grens ontwikkel het. Die dorp is geleë ongeveer sewe myl ten ooste van Pretoria aan die spoorlyn en grootpad wat Pretoria uiteindelik met die seehawe van Lourenco Marques verbind. Die spoorlyn is in die Republikeinse dae deur die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Spoorweg Maatschappij aangelê.

Die ou grootpad, wat nog duidelik sigbaar is, het in die ou dae veel diens as transportpad gedoen. Silverton was eertyds die uitspanplek van menige Boerefamilies. Ossewaens het baie vrage brandhout en ander produkte na Pretoria se mark toe aangekarwei, terwyl daar met nagmaaltye baie Boerefamilies met hulle langtentwaens — destyds die trots van die Boer — na die kerke in Pretoria gereis het. Met hierdie pad en spoorlyn het president Paul Kruger uitgewyk nadat die Engelse Pretoria tydens die Tweede Vryheidsoorlog begin bedreig het, en uiteindelik in Lourenco Marques skeepgegaan en met die Gelderland na Europa vertrek het.

Silverton is aangelê op die plaas Hartebeespoort Nr. 308. Van hierdie plaas het David Alwyn Botha op 1 Maart 1858 die eienaar geword. Op 23 Junie van dieselfde jaar het Botha egter een deel van die plaas aan Guillaume Christoffel Vermeulen en die orige deel aan Frederik Matthys de Beer verkoop. Die volgende jaar, op 28 Oktober, verkoop G. C. Vermeulen sy gedeelte aan Hendrink Johannes Vermeulen, terwyl F. M. de Beer sy gedeelte op 30 Maart 1872, vir £200 aan Cornelius Petrus Moll verkoop. H. J. Vermeulen laat toe sy gedeelte onderverdeel en verkoop dit op 23 Mei 1873 aan die volgende persone: (a) Guillaume Schoombie Pretorius; (b) Willem Adriaan Fourie en (c) Jan Albert Vermeulen.

Daarna verkoop aldie die eienaars op 22 Maart 1875 hulle gedeeltes aan Hans Heinrich Mundt vir die bedrag van £1,400, wat weer op sy beurt een gedeelte, op 1 Februarie 1876, aan Wilhelm Mundt vir £80 verkoop, maar, op 15 Junie 1878, koop hy weer C. P. Moll se gedeelte vir 'n bedrag van £800.

In die loop van 1890 word daar 'n maatskappy gestig onder die naam „Silverton Estate Co.” en hulle koop toe 552 morges 229 vk. roede van H. H. Mundt vir £9,000. Daarvan laat die maatskappy 117 morges 199 vk. roede en 69 vk. vt. onderverdeel in 398 erwe, een park en een plein, wat toe bekend was as „Silverton Township.” Op 10 September 1903 verkoop die „Silverton Estate Co.” aan die „Bellevue Syndicate” 18 morges 540 vk. roede vir £1,820. Hierdie stuk grond is ook onderverdeel in 108 erwe wat

**HEPWORTH'S LTD.: TAILORS, CLOTHIERS & OUTFITTERS,
CHURCH STREET, PRETORIA.**

op 'n aparte register onder die naam „Bellevue Township” geregistreer is.

Verdere ontwikkelings het langsaam gekom. Die eerste Kerksaal op Silverton is deur die N.H. of G. Gemeente opgerig, terwyl 'n Laerskool ook begin vorm aanneem het. In 1915 is op Silverton 'n looiery en skoensfabriek deur Charles Maggs opgerig. Hierdie skoensfabriek het later doodgeloop maar die „Silverton Tannery” („Silverton Looiery”) het voortbestaan en lewer vandag nog van die beste gehalte leer aan die S.A. Spoorweë en ander verbruikers van leer.

Mettertyd het daar 'n behoefte begin ontstaan aan 'n plaaslike bestuur vir Silverton, met die gevolg dat die destydse Administrateur in 1935 'n Gesondheidskomitee, bestaande uit 5 lede, aangestel het. Sedert 1942 word Silverton bestuur deur 'n Dorpsraad. In Oktober 1958 is die status van Stadsraad aan Silverton toegeken.

Gedurende 1936 het die Stadsraad van Pretoria begin om elektriese krag aan Silverton te verskaf, wat vir die dorp beslis 'n groot voorwaartse stap en aanwinst was. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die ontwikkeling van die dorp vir 'n tydlang tot stilstand gekom.

Kort na die oorlog begin die S.A. Spoorweë met die oprigting van die grootste werktuigkundige werkplase in die Suidelike Halfrond te Koedoespoort aan die noord-westelike grens van Silverton. Aan die oosgrens van die dorp het die Stadsraad van Pretoria 'n swaar nywerheidsgebied uitgelê wat in die toekoms seker tot groot bedrywighede kan lei. Verder weg na die noord-ooste strek die reuse natuurlike behuisingskema van die Stadsraad van Pretoria, Vlakfontein, hom uit. Onder die besef dat groot ontwikkelings vir Silverton voor die deur staan, het die plaaslike dorpsbestuur 'n waterskema, 'n sanitêre verwyderingskema en die oprigting van munisipale kantore en 'n stadsaal aangepak. Gelyktydig met bg. ondernemings is ook 'n dorpsbeplanningskema aangepak. Silverton behoort die toekoms met vertroue in te gaan.

— B. AURET & A. BESTER.

A Building almost as old as Johannesburg.

JOHANNESBURG is losing many of its old teeth, much to the vexation of citizens who feel that the increasing gaps among its historical buildings, now being made in an orgy of civic demolition, will never be compensatingly filled by the “artificial” of modern architectural design.

I use the dental analogy with good reason, although it is ironic that, in that sense, I should have any attachment for: Palace Building, at the corner

NASIONALE BOEKHANDEL BPK.: SIMMONDSSTRAAT 95,
BRAAMFONTEIN, JOHANNESBURG.

of Pritchard and Rissik Streets, which, it is rumoured, will be the next victim of the civic extractors.

I remember, as a little girl, being forcibly taken to the first floor of Palace Building—walking with a sinking stomach and quivering knees, up the one endless flight of stairs until the monster (actually genial and wise Dr. “Buck” Holloway) performed his dental atrocities on me and I could emerge once more, with brimming eyes but relieved spirit, until next time.

Now that I have grown up and am beyond the ministrations of Palace Building, all that my Johannesburg blood feels is a great warmth for the significant 1889 carved on its facade.

“GRACEFUL SPIRE”

In 1886 the discovery of gold on the Rand was announced to the world and from every part people thronged. In 1889, just three years later, this three-storey building appeared—a testimony to man’s patience, vision and optimism in a time when there were no jet planes, no diesel locomotives and no steam turbinised cargo ships to justify such architectural extravagance.

Then surrounded by the galvanised iron shanties, tents, ox-wagons, and mud huts that constituted the mining camp of Johannesburg, this building was described by Henry Longland in his “Historical and Commercial Review” of 1892 as “an admirable illustration of what can be done artistically with the humble help of brick and mortar.”

He wrote, “without doubt able to compare favourably with any other of its kind in Africa . . . its principal feature is a tall graceful spire which can challenge comparison with any other in the country and which is an excellent example of careful and artistic work.”

IMPORTED IRON WORK

Palace Building was designed in 1887 by J. S. Donaldson, clerk of works, then still in his early twenties, who arrived in Johannesburg in 1886 from Bloemfontein and Kimberley, and subsequently became an architect. He was also responsible for the Standard Buildings, Standard Theatre, the original Grand National Hotel, the recently demolished York House and many others.

The building was put up with cement imported from England at the fabulous price of £7 10s. a cask, brought up from Durban by ox-wagon. All the iron work was also imported. The building was erected for Mr. William Gwynne Evans, later created a baronet, whose offices are still to be found in it and are operated by members of his family. In design it can only be described as Provincial Victorian.

A CONGREGATION OF LADIES

Palace Building was queen of the scene. As Longland further records:

“If it (Pritchard Street) hasn't the amplomb of Commissioner Street, it can, which is perhaps better, boast of the largest congregation of ladies on its pavements.”

Imagine the picture—on the veld roads, sparsely lit by oil lamps, this fashionable assemblage of parasol-decked and be-bustled ladies peering into the little windows, under awnings on the ground level, greeting friends who tethered their horses to rough poles and no doubt marvelling at the meteoric growth of their town. It evokes romantic nostalgia. Mention must also be made, of course, of such mundane details as sanitation. Primitive! In 1906, I gather, present-day methods were introduced.

Is it too late for the Historical Monuments Commission to step in and rescue this picturesque old place? A new “Jo'burgana” museum might find a home here, in the heart of the old town. The Publicity Bureau could also be housed in this building conveniently placed for tourists, making it a central spot of interest to every traveller and resident of Johannesburg.

—*With courtesy from the “Rand Daily Mail,” 9/7/55.*

(In the meantime Palace Building has been demolished.—Ed.)

'n Petisie in Sake „De Botanischen Tuin” (Burgerspark) Gerig aan die Uitvoerende Raad van die S.A. Republiek in 1889

BURGERSPARK het 'n lang en interessante geskiedenis agter hom. Toe daar in 1957 sprake was dat die voorgestelde kunsmuseum in 'n gedeelte van die geskiedkundige park opgerig gaan word, het die inhoud van onderstaande petisie die aandag pertinent gevestig op die feit dat, net soos in 1889, die vervreemding en afstand van 'n gedeelte van Burgerspark vir die oprigting van openbare geboue of vir doeleindes anders as 'n park, in elke opsig 'n ernstige skending en verminking van die park sal wees. 'n Mooi en waardevolle tradisie sou deur so'n kortsigtige daad erg in die gedrang kom. Gelukkig is daar tot wyser insigte gekom en besluit om Burgerspark nie te skend nie.

J. S. Smit, F. Kleyn en 'n groot aantal ander inwoners van Pretoria het op 31 Oktober 1889 4 petisies aan die regering van die Republiek

**MENLO PARK PHARMACY, 279 A LYNNWOOD RD., MENLO
PARK.**

gerig om die Botaniese Tuin—die huidige Burgerspark—vry te hou en onder geen omstandighede 'n gedeelte daarvan af te staan vir die oprigting van 'n kerkgebou nie. Op 2 November 1889 het die Uitvoerende Raad, volgens Artikel 700, besluit dat die regering by 'n vorige besluit sou bly en Burgerspark nie vir enige ander doeleindes as vir 'n park te gebruik nie. Nou vir die eerste keer na baie jare, het Burgerspark weer opnuut in die gedrang gekom, maar gelukkig het dié gevaar weer gewyk en sal Burgerspark hopelik tot in lengte van dae uitsluitlik vir 'n park gebruik word. In hierdie verband moet die inwoners van Pretoria net voortdurend waaksaam bly en die onskendbaarheid van een van ons stad se mooiste parke teen elke prys verdedig.

PETISIE. Aan Zyn Hoog Edele den Staatspresident en H. Ed. Leden van den Uitv. Raad der Zuid-Afrikaansche Republiek.

HoogEdele Heeren!

De ondergeteekenden inwoners van Pretoria, en eigenaars van erven rondom “de Botanischen tuin” gelegen, geven met verschuldigten eerbied te kennen dat zy vernomen hebben dat de Regeering het voornemen heeft om het plein bekend als “de Botanischen tuin” tusschen de Visagie, van der Walt, Maré en St. Andrew Straten te Pretoria, af te staan aan de N.H. of G. Gemeente van Pretoria, om daarop een kerk te bouwen, of als uitspanplein; dat Uwe Petitionarissen ernstige bezwaren tegen dien maatregel hebben, dié zy de vryheid nemen voor U Hoog Edele te leggen namelyk:—

Dit plein is het eenige open plein in onze stad, en als zoodanig een voornaam iets voor de gezondheid der inwoners, vooral van hen die in de onmiddellyke nabyheid daarvan wonen en wel zoodanig dat in den regel de doctoren in vele ziekte-gevallen, hunne patienten aanraden, zich in de nabyheid van dit plein, dat tevens op een der hoogste gedeelten van Pretoria gelegen is, te gaan wonen:— In het algemeen wordt in groote steden in Europa er voor gezorgd, dat op gegeven afstanden, pleinen worden uitgehouden en, omdat de geneeskundige faculteit beschouwt dat dit noodig is voor de bevordering der gezondheid, zoodat die pleinen zelfs de longen der stad worden genoemd. Ja, daar waar zulke pleinen niet bestonden is men er toe overgegaan, om met groote opoffering en kosten de huizen van geheele wyken af te breken om zoodoende openingen en lucht te verkrygen. Wanneer dit nu in Europa in het koudere klimaat, het geval is, hoeveel te meer diende de Regeering er dan hier voor te zorgen, waar ziekte van meer hevigen aard zyn uit hoofde van het warmere klimaat, en speciaal in Pretoria, dat in den laatsten tyd door zoovele ziekte is bezocht geworden, naar het oordeel van de geneeskundigen, veelal te wyten aan het niet nemen van behoorlyke maatregelen by de sterk toenemende vermeerdering van het getal inwoners. Bovendien is het van algemene bekendheid dat onze burgers, by nachemaal en andere kerkelyke gelegenheden gewoonlyk op het plein rondom de Kerk uitspannen, en de

klagten, die daaromtrent door de inwoners in die nabyheid van het tegenwoordige Kerkplein zyn aangeheven, zullen dan en met meer grond door de inwoners naby „de Botanischen tuin” worden aangeheven, wanneer die wordt afgestaan als gezegd is, omdat zy hunne eigendommen tegen hoogen pryzen kochten, om eene gezonde woning te hebben in de nabyheid van een plein, dat algemeen door **de inwoners van Pretoria beschouwd word, als nimmer door gebouwen te zullen worden verhinderd.**

Gedurende de Regeering van President Burgers werd deze plek uitgelegd voor „een Botanischen tuin”—Zie VR. Besluiten Art. 91, d.d. 8ste October 1874 — maar aangezien de Regeering niet by magt was, geheel het bedrag, dat daarvoor vereischt werd, te verschaffen, droegen vele welwillende ingezetenen belangryke sommen by om dit werk aan te vangen, en deze ingezetenen mogen geacht worden daardoor het recht verkregen te hebben, zooals te regt door ZHEd. de Staats President en anderen werdt opgemerkt gedurende de discussien, naar aanleiding waarvan het Besluit van den HEd. Achtb. Volksraad d.d. 15den Mei 1889, Art. 100, gepasseerd werd.

Sedert den tyd der tusschen-regeering, is het plein altyd als een oord voor publieke vermakelykheden, cricket-spel enz. gebruikt, en heeft niet weinig bygedragen tot het genoegen der inwoners.

Moet nu dit alles uit het oog verloren worden, wanneer er andere en zoo-als U Hoog Edele bekend is, geschikte open plekken in de stad zyn, die aan het voorgenomen doel beter zouden beantwoorden, en door welke afstand de thans bestaande orde van dingen niet zou worden aangeraakt?

Toen de Hervormde Gemeente alhier by Memorie van den Heer M. Prinsloo aanzoek deed om erven op dit plein, werd in den HEd. Volksraad, na vele bekwame discussien, waarin goede gronden werden aangevoerd, en ZHEd. de Staatspresident een der voornaamste en overtuigendste redevoeringen hield, besloten om geensints dit plein te geven, maar wel eene andere plek aan de Gemeente toe te kennen — Zie V.R. Besluit, Art. 547, 14 Junie 1887 — De Volksraad zag toen en teregt in, dat dit plein moest open blyven. Wanneer de H.E. Volksraad het toen aan dié Gemeente weigerde, zal de Regeering het plein dan nu aan eene andere kerkelyke gemeente toekennen, en zal zoodanige handeling geene verbittering geven aan een groot gedeelte der bevolking?

Nog de discussien in het laatsten Volksraad zitting, op het verzoek van den Heer Ameshoff waarnaar hier voor gerefereerd werd, hebben bewezen dat de meening van die HEd. Achtbare vergadering was om dit plein voor de inwoners open te houden.

In het vertrouwen dat de HEd. Regeering, na al deze bezwaren goedgunstig overwogen te hebben, de noodzakelykheid zal inzien om het plein, „de Botanischen tuin” open te houden voor de bevolking van Pretoria, en niet te belemmeren door eenig gebouw.

— H. M. REX.

KNOFFEL EN KANFER

DAAR in die tagtiger jare was my vader lid van die Volksraad vir Ermelo. Ons het toentertyd naby Bloukop in die nabyheid van die teenswoordige dorpie Morgenson gewoon en het per ossewa na Pretoria gereis vir die Sitting van die Volksraad. Dit het gewoonlik gedurende die wintersmaande plaasgevind. Die reis na Pretoria het gewoonlik 'n week geduur. Die terugreis was korter van duur want toe is daar 'n moren aandskof gery. Dit beteken van ongeveer 4-uur in die more tot 8-uur vm. is gery, dis die moreskof. Dan weer van 10 tot 2 en van ongeveer 6-uur die aand tot ongeveer 10-uur die nag, dis aandskof. Dit moet onthou word dat die osse moet wei en water suip en dan moet daar nog kos gekook word en dies meer.

Met die reis na Pretoria het ons gewoonlik by kuile langs die loop op die pad na Delmas uitgespan. Hier is dan alles klaar gemaak vir die intog in Pretoria. Gewoonlik het 'n paar van die Volksraadslede van die Ooste in een trek na Pretoria gekom. Die kinders en ou mense is by die kuile gewas en geskrop en skoon klere aangetrek. My moeder het 'n wit gestyfde voorskoot met 'n kantrandjie voorgesit, 'n bietjie ekstra klapperolie aan die hare met 'n wit middelpaaitjie gekam met 'n bolla, my vader is in 'n skoon broek en hemp gedos, dieselfde met my. In 'n sakkie is 'n huisie knoffel en 'n stukkie kanfer gedoen. Die sakkie is toegewerk met twee bandjies aan wat dan om my nek gebind word sodat die sakkie op my kuiltjie hang. Dit is as 'n voorbehoedmiddel teen alle aansteeklike siektes beskou en aangewend.

In die tagtiger jare was daar reeds „*Koelie-winkels*” in Pretoria toegelaat kragtens die Londense Konvensie, waarvolgens Britse onderdane nie geweier kon word nie. As my moeder en ek 'n Koelie-winkel verby loop het sy gewoonlik gesê: „Hou toe jou neus; net nou het jy die pokkies.” Met angsbevange oë en 'n met duim en voorvinger toegeknypde neus, het ek die winkel verby gehaas.

Kolera, pokkies en koelies, het volgens die ou mense, bymekaar gehoord.

JAN DU PLESSIS DE BEER, L.V. VIR WATERBERG

OOM JAN het van 'n grap gehou en hy het gewoonlik 'n geleentheid om 'n grap te maak nie laat verbyglip nie.

Die President het na die Eerste Volksraad gekom om 'n fout wat

**VAN SCHAİK'S BOOK STORE (PTY.) LTD.: BOOKSELLERS,
STATIONERS & PUBLISHERS, LIBRI BUILDINGS, 268
CHURCH STREET, PRETORIA.**

gemaak is i.v.m. 'n sekere aangeleentheid deur 'n besluit van die Raad, weer reg te stel.

Die President het min of meer as volg sy saak gestel: „Meneer die Voorsitter, ek kom na die Raad om 'n besluit te neem om 'n „mistik” wat gemaak is te herstel.”

Oom Jan is dadelik op die been en sê: „Meneer die Voorsitter, op 'n punt van orde asseblief.”

„Wat is die punt van orde van die Agbare lid van Waterberg?” vra oom Frikkie Wolmarans die geëerde en hooggeagte voorsitter.

„Ja Meneer die Voorsitter,” — die President het soos dit pas dadelik gaan sit toe die punt van orde genoem is — „Sy Edele die President het 'n artikel van die Grondwet oortree. In die Grondwet is neergelê dat die taal wat in hierdie Raad gebesig word die Hollandse taal is en Sy Edele het so pas Engels gepraat.”

„Wanneer het ek Engels gepraat?” bulder die President terug.

„Toe U Hoogedele gesê het dat 'n „mistik” gemaak is.”

„Maar meneer die Voorsitter dit is 'n *mistik* en dit sal 'n *mistik* bly totdat die *mistik* reggemaak is.” Het die President met beslistheid gesê. Oom Jan het gaan sit en die besluit is geneem.

„STOP THAT MAN!”

DIE slag van Amajuba is gelewer. Vredesonderhandelinge is aan die gang. Die handjiewol burgers het hulle dapper geweer teen die magte van Groot-Brittanje en het in geen geval die onderspit gedelf nie.

Daar was verskeie punte in verband waarmee daar nie ooreengekom kon word nie en alle tekens was aanwesig dat die onderhandelinge nie tot 'n vredesluiting sou voer nie.

Die Britte was gewillig om voort te gaan, die eer van Groot-Brittanje was op die spel.

Toe die besprekings tot 'n dooie punt gekom het, het die bevelvoerende offisier bevele aan die sy ondergeskikte offisiere in die kamp in die nabyheid van Amajuba gestuur om vir 'n opmars gereed te maak. 'n Soldaat is te perd met die bevele gestuur. Voordat die soldaat weg is, het die President uitgespring en met sy forse en bulderende stem uitgeroep: „Stop that man!” Die soldaat het omgedraai en die onderhandelinge is tot die vrede van 1881 gevoer.

— OOM HANSIE KLEYNHANS.

HEPWORTH'S BPK.: KLEREMAKERS EN UITRUSTERS, KERK-
STRAAT, PRETORIA.

Genootskap Oud-Pretoria

(Gestig: 22 Maart 1948)

Ons doel: Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

Association Old Pretoria

(Founded: 22 March, 1948)

Our aim: To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR:

EXECUTIVE COMMITTEE:

Ere-President — DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA — *Honorary President.*

THE MAYOR OF PRETORIA.

Voorsitter — Dr. W. H. J. PUNT — *Chairman.*

Ondervoorsitter — Dr. G. W. EYBERS — *Vice-Chairman.*

Sekretaris — Dr. F. J. DU TOIT SPIES — *Secretary.*

Penningmeester — Mnr./Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*

Argivaris — Mnr./Mr. A. M. DAVEY — *Archivist.*

Redakteur — Mnr./Mr. H. M. REX — *Editor.*

Sakebestuurder — Dr. J. M. H. VAN AARDT — *Business Manager.*

Lede — Mnr./Miss J. H. DAVIES — *Members.*

Dr. V. FITZSIMONS.

Mnr./Mr. S. F. NAUDE.

Mnr./Mr. J. PRELLER.

Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:

Mnr./Mr. L. J. VAN DEN BERG,

Burgemeester/Mayor.

Bydraes moet asb. gestuur word aan: Die Redakteur „Pretoriana”, Frans Oorderstraat 109, Groenkloof, Pretoria.

Contributions may be sent to: The Editor, „Pretoriana”, 109 Frans Oorder Street, Groenkloof, Pretoria.